# EVANGELISASIE AANBIEDING

- Hul sekulere lewe
- Hulle Kerklike Agtergrond
- Ons Kerk
- Getuienis
- Twee Vrae

Mag ek 'n vraag vra?

HET U IN U GEESTELIKE LEWE OP DIE PLEK GEKOM, DAT U MET SEKERHEID WEET, INDIEN U VANNAG TE STERWE KOM U DIE "EWIGE LEWE" SAL BEËRWE?

Mag ek met u deel, hoedat ek uitgevind het ek het die ewige lewe & hoedat u dit ook kan weet? Voordat ek dit doen wil ek u eers 'n tweede vraag vra, wat sal help om die saak te verduidelik.

VERONDERSTEL U KOM VANNAG TE STERWE, U KOM VOOR GOD TE STAAN & HY VRA VIR U DIE VOLGENDE VRAAG: "WAAROM MOET EK JOU IN DIE EWIGE LEWE TOELAAT?

Wat sal u antwoord wees?

**DIE BLYE BOODSKAP**

## 1. GENADE

EK HET ONTDEK DAT DIE HEMEL 'N VRY GAWE IS

Die Bybel leer ons die loon van die sonde is die dood MAAR die GENADEGAWE van GOD is die Ewige Lewe. (Rom 6:23)

EK HET VERDER ONTDEK DAT DIT NIE VOOR GEWERK OF VERDIEN KAN WORD NIE

Die Bybel leer ons egter "want uit GENADE is julle gered, deur die geloof. Nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Efes 2:8 & 9)

U SIEN DIT KAN BAIE DUIDELIK GESIEN WORD DAT ONS NIE DIE EWIGE LEWE KAN KOOP OF VERDIEN NIE, AS ONS VERSTAAN WAT DIE BYBEL OOR DIE MENS TE SÊ HET

## 2. MENS

DIE BYBEL LEER ONS DIE MENS IS 'N SONDAAR

Die Woord leer ons "Want ons ALMAL het gesondig & dit ontbreek ons aan die heerlik- heid van God" (Rom 3:23)

DIE MENS KAN HOMSELF NIE RED NIE!!

Die Bybel sê: "Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, MAAR die einde daarvan is die weë van die dood" (Spr 14:12)

## 3. GOD

DIE PROBLEEM VAN DIE MENS OM HOMSELF TE RED WORD 'N FOKUSPUNT WANNEER DIE BYBEL GOD AAN ONS BEKENDSTEL

Die Bybel beeld die HERE uit as 'n **GENADIGE GOD** WAT die mens nie wil straf nie.

Die Bybel sê: "Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid" (Jer 31:3)

Maar God is ook **REGVERDIG** & Hy moet sonde straf!

U KAN DUS SIEN DAT DIT VIR GOD 'N GROOT PROBLEEM WAS. HY IS GENADIG & HET DIE MENS LIEF, MAAR HY MOET SONDE STRAF!

## 4. CHRISTUS

OP 'N WONDERBAARLIKE WYSE HET GOD HIERDIE PROBLEEM OPGELOS TOE HY IN DIE PERSOON VAN JESUS CHRISTUS NA HIERDIE AARDE GEKOM HET

Wie sou u reken is Jesus Christus? Dis reg. Die SEUN van GOD.

DIE ONEINDIGE GOD MENS

Die Bybel leer ons "In die begin was die Woord, & die Woord was by God & die Woord was God. En die Woord het vlees geword & het onder ons kom woon." (Joh 1:1 & 14)

WAT HET HY KOM DOEN?

Hy het gesterwe & sodoende vir ons sondes betaal.

Nou sê die Bybel: "Ons almal het gedwaal soos skape & elkeen het sy eie pad geloop, MAAR God het die ongeregtigheid van ons almal op Hom (Jesus) laat neerkom" (Jes 53:6)

**GOD HET DUS U SONDES & ONGEREGTIGHEID OP JESUS LAAT NEERKOM TOE HY AAN DIE KRUIS GESTERF HET!**

# 5. GELOOF

Nou, wat is geloof dan? **GELOOF IS DIE SLEUTEL WAT DIE HEMELDEUR OOPSLUIT!!**

U mag 'n sleutelring met 'n aantal sleutels besit. Die sleutels lyk min of meer almal dieselfde, MAAR as u die voordeur wil oopsluit dan is daar net die EEN sleutel wat sal pas & die deur sal kan oopsluit. NIE EEN van die ander sleutels sal die deur kan oopsluit nie.

Die regte sleutel wat toegang tot die **HEMEL** verleen is **GELOOF**!!

**SALIGHEIDSGELOOF** : Dit is die **ENIGSTE** & **REGTE** sleutel tot die HEMEL!!

**WAT IS GELOOF?** - Geloof is om JESUS **ALLEEN** te vertrou vir SALIGHEID!
Die Bybel sê: "GLO in die HERE & JY SAL gered word" (Hand 16:31)

Die meeste mense reken dat hulle die Hemel sal beërwe omdat hulle hul bes probeer het. Hulle vertrou dus op HULLESELF!

**OM DIE EWIGE LEWE TE ONTVANG IS DIT BELANGRIK OM U GELOOFSVERTROUE VAN USELF NA CHRISTUS TE VERPLAAS!!**

**HET DIT VIR U ENIGE BETEKENIS ?**

Dan wil ek vir u die belangrikste vraag vra, wat u ernstig moet oorweeg!!!

**WIL U GRAAG NOU DIE GAWE VAN DIE EWIGE LEWE ONTVANG ?**

UITEENSETTING

Is dit wat u wil doen?

Ons gaan nou saambid & aan God alles vertel wat u nou vir my gesê het. Ek sal ons lei in gebed, dan vertel ons Hom wat u pas besluit het.